Sondag, 18 Maart 2018

Skriflesing: Markus 14:1-11

Tema: Die week van die laaste Paasfees

Skriflesing

Markus 14:1-11

Jesus se dood word beplan (Matt. 26:1-5; Luk. 22:1-2; Joh. 11:45-53)

Twee dae later sou dit die Paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees. Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na 'n plan om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. Hulle het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.”

Jesus word in Betanië gesalf (Matt. 26:6-13; Joh. 12:1-8)

Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet. Party van die mense het onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek: “Waarvoor is hierdie vermorsing van reukolie? Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir armes gegee gewees het.” En hulle het teen haar uitgevaar.

“Laat staan haar,” het Jesus gesê. “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. Julle het tog altyd armes by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My het julle nie altyd by julle nie. Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis. Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.”

Judas onderneem om Jesus te verraai (Matt. 26:14-16; Luk. 22:3-6)

Judas Iskariot, wat een van die twaalf was, het sy hulp vir die priesterhoofde gaan aanbied om Jesus in die hande te kry. Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het hulle belowe om hom daarvoor te betaal. Hy het toe na 'n plan gesoek om Hom by 'n geskikte geleentheid te verraai.

PREEK

Broers en susters in onse Here Jesus Christus:

Geliefdes, dis nie meer ver van Paasnaweek af nie. Inteendeel, volgende Sondag is Palmsondag. Die Sondag net voor Paasnaweek, was die Sondag waar Jesus op die donkie die stad, Jerusalem, in gery het. Dis toe so baie mense palmtakke en klere voor Jesus neer gegooi het.

Miskien kan ek sê dat Palmsondag, wat met soveel vreugde gepaard gaan, is ‘n omarming na die Sondag wat volg, waar Jesus uit die dood opgestaan het. Die eerste Sondag het soveel aardse vreugde gedra, maar Opstandingsondag het hemelse vreugde gedra!

Van Sondag tot Sondag gebeur daar ‘n hele lot dinge tussen in! As mens rusting gaan kyk na daardie week dan is dit ‘n mengelmoes van heilige dinge en onheilige dinge wat plaasvind.
In ons lewens vandag werk dit nog steeds so. By geleentheid sal ons mooi en opbouende dinge beleef wat ons laat dink dat gelukkig is daar nog positiewe en opbouend dinge in die wêreld, maar net die volgende dag voel dit of die wêreld orals vervuil is met onheiligheid.
En tog leer ons geloof ons, dat te midde van alles sal dit ook so werk dat God, wat iets moois met die mense begin het, ook alles sal afsluit met iets moois wat ewigdurend sal wees!

Tydlyn

Het u al die moeite gedoen om hierdie laaste week, op pad en insluitend Paasnaweek, so bietjie te bekyk? Alhoewel dit nie noodwendig belangrik is om die presiese volgorde van Jesus en Sy dissipels se doen en late te weet nie, is dit nogal interessant om daarna te kyk. Dit word in baie kerke die Heilige week genoem.

Sondag

Jesus kom Jerusalem in soos ‘n koning op die rug van ‘n donkie.
Hierdie intog word genoem die Triomfantlike intog in Jerusalem.

Maandag

Jesus reinig die Tempel.

Dinsdag

Jesus se gesag in die tempel word bevraagteken.

Jesus leer deur gelykenisse en konfronteer die Joodse leiers.
Judas stem in om Jesus te verraai.

Woensdag

Maria salf Jesus met die duur nardusolie.

Donderdag

Die laaste paasmaaltyd.
Jesus praat in die bovertrek met sy dissipels.
Jesus se gebedsworsteling in Getsemane.
Jesus word verraai en gearresteer.

Vrydag

Jesus word deur die Joodse Raad en die Romeinse owerheid verhoor en deur Petrus verloën.
Jesus word gekruisig.

Sondag

Jesus staan uit die dood uit op.

Dit is min of meer hoe dinge in daardie week plaasgevind het. Wat baie interessant is, is die mense se reaksie teenoor Jesus in daardie week.

Menigte mense het Hom verwelkom. Baie was opgewonde oor Jesus se koms. Dis net soos ons partykeer is. Mense is opgewonde oor Jesus in hulle lewens en hulle spring weg met oorgawe en ywer.

Dan maak Jesus die tempel skoon. Jesus se vereiste is dat ons, ek en jy, moet skoon wees van sonde. Hy sal help om ons skoon te kry, maar wil ons skoon wees.

Dan leer Jesus die mense in die tempel, maar die Joodse leiers bevraagteken Sy gesag. Hy wys vir hulle die beter weg, die ware weg wat na vrede en liefde lei. Jesus wil hê ons lewens moet beter wees. Maar soms bevraagteken ons Sy wil vir ons lewens of ons wonder soms of Hy werklik ons lewens kan verander en verbeter.

Woensdag salf Maria Jesus met duur olie, wat ‘n jaar se lone werd is en sy wys dat sy duursame en kosbare dinge sal opoffer vir Jesus. Sy wy haar lewe aan die Jesus. En ons word elke dag in hierdie lewe geplaas en ons moet kan vra of ons ons lewes net aan Jesus wy.

Jesus bevestig dan dat Hy Sy liggaam en Sy bloed vir sy dissipels gaan gee. Jesus word verraai en Hy word arresteer.

Dan word Hy onregverdig geoordeel deur blinde mense. Hy word gekruisig en Hy gee Sy lewe vir jou en vir my.

Jesus oorwin dan die dood. Hy oorwin die sonde en Hy oorwin die liefdeloosheid en Hy bring vir my en vir jou lewe tot in alle ewigheid.

Ons teks

Ons gedeelte wat ons gelees het vind plaas, heel waarskynlik, die Woensdag in die Heilige week. Twee slegte dinge omsingel die een goeie ding wat gebeur.
Eerstens beplan die priesterhoofde en die skrifgeleerdes om Jesus op ‘n slinkse manier te vang en dood te maak.
Die tweede slegte ding is dat Judas kom en gaan bied sy hulp aan vir die priesterhoofde deur saam met hulle te werk om Jesus in die hande te kry.

En tog, in die middel van dit alles, vind ons ‘n groot belydenis! Ons lees Maria (soos in Johannes evangelie) wat Jesus dan salf. Sy gee ‘n duursame ding op, sy offer haarself op om haar getrouheid aan Jesus te bevestig!

Op ander plekke in die Bybel word konings gesalf met olie, maar Jesus sê dat Hy nie tot koning gesalf word nie, maar voorberei word vir Sy dood.

Dis ‘n geweldige beeld hierdie, geliefdes. Maria verbind haarself aan Jesus se dood. Sy gee haar duur, aardse nardusolie op, om deel te wees aan Jesus se dood. En ons weet dat die gevolg was dat sy ook deel kon kry aan Sy opstanding en die ewige lewe.

Dis in hierdie tyd, hierdie week waar ek en jy op nuut herinner word van ons verbintenis aan Jesus. Ons word herinner aan ons eie keuse vir ons lewe. Lewe ons ‘n lewe in opoffering aan Jesus of laat ons toe dat ons vasval by aardse skatte?

Die evangelie van Markus en Matteus en gekies om hierdie gebeurtenis juis hier te plaas. Johannes sê dat Maria se salwing van Jesus het ‘n week vroeër plaasgevind, maar Markus en Matteus sit dit juis hier, sodat ons die kontrastering kan waarneem. Maria wat haar lewe, visueel aan Jesus opdra en Judas wat sy lewe vir homself en tot sy eie voordeel wil hou deur Jesus te verraai.
En so land ons elke dag voor so ‘n keuse. Hoe leef ons? Leef ons aards of leef ons opofferend? Om die Here te aanbid is om Hom lief te hê, Hom te respekteer, Hom met toewyding te volg en om gewillig jouself te offer vir Hom deur dit wat vir jou kosbaar kan wees op te offer.

Slot

Broers en susters, ons krag, as gelowiges, lê daarin om elke dag die keuse te maak om onsself op te offer vir Jesus. Ons moet ook ons albaste flessies breek. Ons moet ook onthou wat werklik die belangrikste is en dit is dat ons navolgers van Jesus moet wees.
Daar is baie dinge rondom ons aan die gang wat ons kan frustreer. Daar is baie dinge wat ons kan versoek en daar is baie kere waar ons iets anders van God verwag en dan kry ons dit nie so nie.
Maar ons mag nooit teen die wil van God in werk nie en ons mag nooit ingee omdat ons selfsugtig wil wees nie. Ons moet onvoorwaardelik ons self altyd aan Jesus verbind en die fles breek en dit aan Jesus opdra.
Ons sal nou die laaste week voor Paasnaweek ingaan van volgende Sondag af, maar onthou dat te midde van aanvalle uit slegte hoeke uit, word alles deur God se heerlikheid en Sy grootheid om arm, sodat Jesus die koning gekom het en dat Hy ook oorwin het deur uit die dood op te gestaan het!
Amen